



Midde-Oosterse Moslems vind geloof in Jesus

“As ’n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een; maar as hy sterwe, bring hy ’n groot oes in” – Joh. 12:24

Harvesters se spesialiteit is vermenigvuldiging. Vermenigvuldiging kan net plaasvind as saad sterf.” Dit is die woorde van ’n sendeling wat in ’n vervolgte land in die Midde-Ooste werk. Sy woorde is met passie gesê ... maar nie uit onkunde nie. Roberto* het skote gehoor en ontploffings gesien, in konfliksones geleef en die Evangelie aan ’n vyandelike burgermag verkondig. Tog bid hy steeds: “Neem my waar niemand anders gaan nie.”

Toe oorlog in die Midde-Ooste gewoed het, het Roberto vlugteling bedien wat na die land gevlug het waar hy woon. Hy het fondse ingesamel om verwelkomingspakkette te voorsien. Teen die einde van die jaar het talle Moslem-vlugteling Christus leer ken en hulle is gedoop.

Een het teruggekeer huis toe en begin om Jesus te verkondig! Hy het ’n vrou na Christus gelei en sy het sedertdien ’n kerk geplant vol bekeerlinge wat voorheen Moslems was. In Oktober 2020 was daar ongeveer 25 lidmate. Nou is daar meer as 160 bekeerlinge wat eers Moslems was en hulle kom in 15 klein groepies bymekaar. Hulle het in Augustus nog mense gedoop.

Tog bly die uitbreiding van die Koninkryk in die Midde-Ooste uitdagend. Twee plaaslike leraars is vanjaar gedwing om vanweë vervolging te vlug.

Een treffende verhaal is dié van Omar*. Hy kom uit ’n welgestelde, invloedryke familie wat Christene vurig haat. As kind is hy oor ’n balkon gehang toe sy pa uitvind hy het ’n Katolieke diens saam met sy vriend besoek. En sy ouer broer – wat in die geheim ’n Christen geword het – is tragies voor Omar doodgeskiet!

Tydens ’n werksonderhoud het Omar die dame voor hom oor haar kruishalsnoer uitgepra. Bekommerd het sy vir hom gesê hulle kan nie daar praat nie, maar hy kon na haar huis toe kom en haar leraar ontmoet. Omar het daardie dag sy lewe vir Christus gegee en hy is in die plaaslike rivier gedoop.

Hy het met ’n dissipelskapskursus begin en in die uitreikspan begin dien. Maar een verskriklike dag het sy familie sy nuwe identiteit as Christen ontdek en hom ontvoer.

Roberto het deur ’n telefoonoproep gehoor Omar word gemartel en uitgeroep: “Here, dit sal die eerste keer wees dat ek een van my dissipels sien sterf.” Drie dae lank het hy niks van Omar gehoor nie. “Geen vensters nie, geen ligte nie, ’n geslaan, geen slaap nie, geen toilet nie, geen kos nie, ’n skeerder wat hom sny – maar hy het Jesus nie verloën nie.” Omar is wonderbaarlik laat gaan! Hy het hom na sy leraars toe gehaas en hulle het hom gewas en vir hom kos gegee. Terwyl hulle saam gehuil het, het Omar verklaar: “Ek wil nie julle jammerte hê nie. Wat ek vir Jesus gely het, sal ek weer ly. Jesus was die hele tyd by my.”

*Name vir beskerming verander. 📧

Ook in hierdie uitgawe:

- 2** Nuwe kerke open in Indië ten spyte van vervolging en pandemie.
- 4** Nooi Harvesters na jou plaaslike kerk.

NUWE KERKE OPEN IN INDIË

TEN SPYTE VAN VERVOLGING EN PANDEMIE

“Ek sal my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie” – **Matt 16:18**

Indië het vroeër vanjaar die middelpunt van 'n vernietigende golf van Covid-19 geword. Krematoriums se kapasiteit is oorskry en lyke het in die riviere opgehoop. Sterftes het oop en bloot voorgekom. Ons het talle Harvesters-leraars verloor as deel van die tien-duisdende tragedies.

En tog was die verstommendste verhale uit Indië nie dié van afgrysligheid nie, maar dié van hoop.

Harvesters se Indiese leraars was vasbeslote om vas te staan deur die krisis, terwyl ineenkrimping van vrees heeltemal verstaanbaar sou wees. Dit kon sin gemaak het om evangeliseringspogings vir 'n ruk te staak in die lig van die monster wat hulle in die gesig gestaar het. Maar die leraars het geweet dit is nie die roeping wat hulle ontvang het nie.

In plaas daarvan het verslae deurgekom van leraars wat hul aangewese inkopie-uur – die tyd wanneer hulle noodsaaklike goedere kon koop – gebruik het om die Evangelie by die mark te deel. In 'n ander streek het een leier al die leraars byeengebring om vrywillig by die hospitale te help. En nog 'n leraar het meer as 70 gesinne in 'n nabygeleë dorpie geëvangelseer. Een leier het gesê: “Te midde van vrees en angs het die Here my gevra om 'n superverspreider van hoop te wees.”

Terwyl kerkgeboue oor die hele wêreld hul deure gesluit het, het die Kerk in Indië begin groei!

LEWEGEWENDE WATER

In 'n warm en droë noordelike dorpie staar pastoor Arjun* se gemeente vervolging in die gesig sedert hy die kerk geplant het. Indië word deur Geopende Deure as die wêreld se tiende mees vervolgte land gelys en minder as 5% van die bevolking is Christene.

“Die studenteleraars kon nie met die gelowiges byeenkom nie. Aan die een kant Covid-bepenkings en aan die ander kant vervolging,” sê Arjun. “Ek was bekommerd en teleurgesteld. Ons het gebed vir God se wysheid.”

Sy gebed is beantwoord. Pastoor Arjun het vorendag gekom met 'n kreatiewe manier verby die beperkings wat nie toegelaat het dat meer as vyf mense bymekaarkom nie. Hy het aansoek gedoen om 'n boorgat in die dorp op te rig. Dit was 'n manier om sy gemeenskap te dien – en as 'n noodsaaklike diens was daar minder beperkings vir diegene wat aan die projek gewerk het.

“Dit is 'n strategie wat ons by die kerk gebruik het om bymekaar te kom vir evangelisasie,” verduidelik hy. “Ek het die kerklidmate gemobiliseer om elke dag by die boorgat bymekaar te kom om die kerkdienste te hou en die Evangelie te deel met diegene wat die water kom haal het.”



Tydens die pandemie het Indiese leraars met kreatiewe maniere vorendag gekom om steeds as kerk te ontmoet, soos om by die gemeenskaplike boorgat bymekaar te kom en te deel van Jesus wat die lewegewende water is, of om kerkdienste onder 'n boom in die dorpie te hou.



“Hoewel die vyand gekeer het dat ons by die huis byeenkom, het God die deur geopen om by die gemeenskapsboorgat byeen te kom vir aanbidding. Hindoes het hul tempels en huise gesluit. Toe die kerk die deure vir die gemeenskap oopmaak om water te kry, het ons die geleentheid benut om te vertel van Jesus wat die lewende water is.”

“ Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie ”

Johannes 15:5

“ Maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom ’n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee ”

Johannes 4:14

Ten spyte van baie wesenlike uitdagings wat die Kerk in Indië in die gesig staar, is die veerkragtigheid, krag en volharding van die Christene in hierdie land duidelik. Hou asseblief die leraars in jou gebede terwyl hulle voortgaan om hul gemeentes deur hierdie ongekende tye van krisis in Indië te lei.

*Name vir beskerming verander . ✉

BOOM VAN DIE LEWE

Jai* werk in “een van die mees onbereikte gebiede” van sy streek. Hy kon aanlyn voortgaan met sy Harvesters-opleiding – soos baie Harvesters-leraars oor die wêreld heen wat gelukkig was om dit die laaste jaar te kon doen. Hy kom elke Vrydag aanlyn met die ander leraars in sy streek byeen vir gebed. En hulle hou daarvan om te “hersien wat ons gedurende die opleiding geleer het.”

Al die kerke wat pastoor Jai geplant het, was met bekeerlinge wat eers Hindoes was. “Wanneer hulle Jesus Christus aanneem, word hul gesin deur die gemeenskap teengestaan.” Die Christene in Indië weet wat dit beteken om die koste te bereken om Jesus te volg.

“Ek verkondig die Evangelie aan diegene wat ek op straat raakloop,” verduidelik hy. “Ons vier dit deur onder die boom te aanbid.”



Wanneer jy hande vat met Harvesters maak jy die weg oop vir onbereiktes om Jesus te kan ken. Dankie vir jou geskenke en gebede!



Nooi Harvesters na jou plaaslike kerk

Wil jy leer hoe om ware dissipels te maak en jou kerk sien groei?

Steven Loots, Hoof Uitvoerende Beamppte van Harvesters Ministries, het 'n visie om die kerk te sien floreer en uitbrei. Baie plaaslike kerkleiers wat hoor van die eksponensiële kerkgroei wat deur Harvesters plaasvind, wil weet of die beginsels ook vir hul plaaslike gemeente sal werk. Om hierdie rede het Steven 20 jaar se ondervinding in 'n baie praktiese kursus van 7 uur met die gepaste naam "Dissipelmakers" verpak om by belangstellende kerke aan te bied teen geen koste vir hierdie kerke nie.

Dit is presies dieselfde beginsels wat ons oor die hele wêreld gebruik het om in die laaste 20 jaar meer as 5 miljoen mense in meer as 65 000 nuut geplante kerke te wen en dissipels van hulle te maak. Dit dek Bybelse grondbeginsels en bied praktiese strategieë vir evangelisasie en dissipelskap aan.

Kontak ons vandag. ✉

Skakel met Harvesters Ministries op enigeen van ons platforms:

- Facebook – www.facebook.com/harvestersmin
- Instagram – www.instagram.com/harvestersministries
- YouTube – www.youtube.com/c/HarvestersMinistries
- Website – www.harvestersministries.com

Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:

Harvesters Ministries, ABSA Bank,
Rekeningnr: 4075041297, Takkode: 632005
Verwysing: "NET121WB"+[jou naam]


Meer opsies om te gee:

Besoek ons webblad om aanlyn te gee.

Nou kan jy ook met **kripto geldeenhede** gee



Of volg die qr kode om via **Zapper** of **SnapScan** te gee ...



Baie dankie vir jou volgehoue ondersteuning!

Harvesters MINISTRIES

HARVESTERS MINISTRIES IS 'N GEREISTREERDE NIE-WINSGEWENDE- EN OPENBARE WELDAADSORGANISASIE ORGANISASIE (NPO EN PBO).

WhatsApp: **064-809-6326**
(stuur jou naam en van en ons sal jou kontak).

Telefoon: **021-300-5629**

E-pos: **info@harvestersministries.com**

Postadres: **Freeport CB11432 • Strand, 7139**
(Geen posgeld nodig nie indien binne Suid-Afrika gepos word).

Fisiese Adres: **Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close • Somerset West Business Park • Somerset-Wes, 7130**

Tree met Harvesters Ministries in verbinding indien jy wil hê ons moet die gratis Dissipelmakerskursus by jou kerk kom aanbied.

Opening the Way